


**Provincial  
Gazette**

**Free State Province**



**Provinsiale  
Koerant**

**Provinsie Vrystaat**

Published by Authority

Uitgegee op Gesag

No.	79	FRIDAY, 15 November 2002	No.	79	VRYDAG, 15 November 2002
No.	Index	Page	No.	Inhoud	Bladsy
<b>PROVINCIAL NOTICE</b>					
178	Regulations : Consumer Affairs Court	2	178	Regulasies : Hof vir Verbruikersake	3

## PROVINCIAL NOTICE

[No. 178 of 2002]

### REGULATIONS : CONSUMER AFFAIRS COURT

I, ST Belot, Member of the Executive Council responsible for Economic Affairs, with the concurrence of a committee of the Provincial Legislature responsible for consumer affairs and after consultation with the chairperson of the court, under section 28 of the Consumer Affairs (Unfair Business Practices) Act, 1998 (Act No. 14 of 1998), hereby make the regulations set out in the Schedule.

### SCHEDULE

#### Definitions

1. In these regulations, unless the context indicates otherwise, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Consumer Affairs (Unfair Business Practices) Act, 1998 (Act No. 14 of 1998), retains that meaning, and in addition –

“chairperson” means the chairperson of the court, and includes an alternate chairperson appointed under section 14(2) of the Act; and

“the Act” means the Consumer Affairs (Unfair Business Practices) Act, 1998 (Act No. 14 of 1998).

#### Request for further information

2. (1) Where a person has lodged a complaint with the office regarding an alleged unfair practice, as contemplated in section 6(1) of the Act, the office may request the complainant to provide further information in the form of an affidavit or otherwise.  
  
(2) The office may reduce further information provided as contemplated in subregulation (1) to writing.

#### Notice of investigation

3. (1) When the office institutes an investigation, whether on receipt of a complaint as contemplated in section 6 of the Act or of its own accord or at the instance of the responsible Member as contemplated in section 7(1) and (2) of the Act, the office must give notice of the investigation and of the alleged unfair business practice to the person alleged or suspected to be responsible for the unfair business practice in question.

## PROVINSIALE KENNISGEWING

[No. 178 van 2002]

### REGULASIES : HOF VIR VERBRIKERSAKE

Ek, ST Belot, Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Ekonomiese Sake, met die instemming van 'n komitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir verbruikersake en ná oorlegpleging met die voorsitter van die hof, kragtens artikel 28 van die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1998 (Wet No. 14 van 1998), vaardig hiermee die regulasies soos in hierdie Bylae uiteengesit, uit.

### BYLAE

#### Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy deur die samehang anders aangedui, behou 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is in die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1998 (Wet No. 14 van 1998), daardie betekenis, en daarbenewens beteken –

“voorsitter” die voorsitter van die hof, met inbegrip van 'n plaasvervangende voorsitter kragtens artikel 14(2) van die Wet aangestel; en.

“die Wet” die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1998 (Wet No. 14 van 1998).

#### Versoek vir nadere inligting

2. (1) Waar 'n persoon 'n klagte by die kantoor ingedien het in verband met 'n beweerde onbillike praktyk, soos beoog in artikel 6(1) van die Wet, kan die kantoor die klaer versoek om verdere inligting in die vorm van 'n beëdigde verklaring of die teengestelde te voorsien.  
(2) Die kantoor kan verdere inligting verskaf soos beoog in sub-regulasie (1) op skrif stel.

#### Kennisgewing van ondersoek

3. (1) Wanneer die kantoor 'n ondersoek instel, het sy by ontvangs van 'n klagte soos in artikel 6 van die Wet beoog of uit eie beweging of op die aandrang van die verantwoordelike Lid soos in artikel 7(1) en (2) van die Wet beoog, moet die kantoor kennis gee van die ondersoek en van die beweerde onbillike sakepraktyk aan die persoon wat beweer word of vermoed word verantwoordelik is vir die onbillike sakepraktyk ter sprake.

- (2) The Consumer Protector must cause notice to be given –
- (a) through delivery to the person to be notified; or
  - (b) by sending the notice to that person by electronic facsimile or prepaid registered post to his or her –
    - (i) business address; or
    - (ii) address last known to the office.
- (3) A warning to the person allegedly implicated that a statement or explanation, which he or she may give, may be used against him or her in proceedings before the court must accompany a notice referred to in subregulation (1).
- (4) A notice referred to in subregulation (1) must be sent even when the investigation is not made known by notice in the *Provincial Gazette* as contemplated in section 7(3) of the Act.

#### **Form of summons**

4. (1) Proceedings before the court must be initiated, as contemplated in section 18(1) of the Act, by a summons complying substantially with Form 5 in Annexure A.
- (2) The summons must –
- (a) contain the substance of the allegations regarding the unfair business practice in question;
  - (b) specify a date, which will not be less than 10 working days, time and place on which the person summoned is required to appear before the court.
- (3) Where the court issues an order requiring a person to appear before it to give evidence or to produce any book, document or object for the purpose of ascertaining a matter relating to proceedings before the court as contemplated in section 19(1)(a), the court must issue a summons addressed to that person complying with Form 6 in Annexure A.
- (4) A summons must be served in a manner prescribed by Regulation 13.

#### **Oath or affirmation by person summoned**

5. A person summoned in terms of section 8(1)(a) of the Act must before being questioned or required to produce any book, document or other object, take an oath or make solemn affirmation in the terms set out in Part 1 of Annexure C.

- (2) Die Verbruikersbeskermer moet kennis laat geskied –
- (a) by wyse van aflêwering aan die persoon wat in kennis gestel moet word; of
  - (b) deur die kennisgewing aan daardie persoon by wyse van elektroniese faksimilee of voorafbetaalde geregistreerde pos aan sy of haar –
    - (i) besigheidsadres; of
    - (ii) laaste adres bekend aan die kantoor.
- (3) ‘n Waarskuwing aan die persoon wat na bewering geïmpliseer is dat ‘n verklaring of verduideliking, wat hy of sy mag gee, teen hom of haar gebruik kan word in die verrigtinge voor die hof moet die kennisgewing vermeld in (1) vergesel.
- (4) ‘n Kennisgewing vermeld in sub-regulasie (1) moet gestuur word al word die ondersoek ook nie by wyse van kennisgewing in die *Provinciale Koerant* soos in artikel 7(3) van die Wet, bekend gemaak nie.

### **Vorm van dagvaarding**

4. (1) Verrigtinge voor die hof moet in werking gestel word, soos in artikel 18(1) van die Wet beoog, deurmiddel van ‘n dagvaarding wat in wese met Vorm 5 in Aanhangsel A ooreenstem.
- (2) Die dagvaarding moet –
- (a) die kern bevat van die bewerings rakende die onbillike sakeprakteke ter sprake;
  - (b) ‘n datum spesifiseer, wat nie minder is as 10 werksdae en ‘n plek waar die gedagvaarde persoon voor die hof moet verskyn.
- (3) Waar die hof ‘n bevel uitreik wat ‘n persoon verplig om voor dit te verskyn om getuenis af te le of om ‘n voorwerp voor te lê vir die doel om sekerheid te kry oor ‘n saak rakende die verrigtinge voor die hof soos beoog in artikel 19(1)(a), moet die hof ‘n dagvaarding aan daardie persoon uitreik wat met Vorm 6 in Aanhangsel A ooreenstem.
- (4) ‘n Dagvaarding moet beteken word op ‘n wyse soos voorgeskryf deur Regulasie 13.

### **Eed van bevestiging deur gedagvaarde persoon**

5. ‘n Persoon wat ingevolge artikel 8(1)(a) van die Wet gedagvaar is moet, voordat hy of sy ondervra word of verplig word om enige boek, dokument of enige ander voorwerp voor te lê, ‘n eed of ‘n plegtige bevestiging aflê volgens die bepalings uiteengesit in Deel 1 van Aanhangsel C.

**Witness fees**

6. (1) A person summoned in terms of section 8(1)(a) of the Act and a person who has attended proceedings of the court as a witness as contemplated in section 19(4) of the Act, is entitled to witness fees in accordance with witness fees determined under section 42 of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959).
- (2) The clerk of the court must pay the fees in accordance with the tariff referred to in subregulation (1).

**Conditions of service and remuneration of certain investigating Officers**

7. (1) The conditions contemplated in section 9(3) of the Act governing the appointment of an investigating Officer who is not in the full-time service of the State are as follows:
- (a) the appointee holds office as an investigating Officer for the hours, days and other period or periods as the responsible Member may determine;
- (b) the investigating Officer performs his or her functions subject to the control and directions of the Consumer Protector; and
- (c) the investigating Officer performs his or her functions faithfully and diligently.
- (2) An investigating Officer who is not in the full-time service of the State must be remunerated –
- (a) as contemplated in sections 9(3) of the Act on the scale as set out in the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959);
- (b) in a particular case, a lesser, or, with the concurrence of the Consumer Protector, higher rate determined by the responsible Member after consultation with the person appointed or to be appointed.

**Certificate of appointment**

8. An investigating Officer must be provided with a certificate of appointment in terms of section 9(4) of the Act in the form of Form 2 in Annexure A.

**Search warrant**

9. A search warrant contemplated in section 10(2) of the Act must comply substantially with Form 3 in Annexure A.

## **Getuiegelde**

6. (1) ‘n Persoon gedagvaar kragtens artikel 8(1)(a) van die Wet en ‘n persoon wat hofverrigtinge bygewoon het as ‘n getuie soos in artikel 19(4) van die Wet beoog, is geregtig op getuiegelde in ooreenstemming met getuiegelde soos vasgestel kragtens artikel 42 van die Wet op die Hooggereghof, 1959 (Wet No. 59 van 1959).
- (2) Die klerk van die hof moet die gelde betaal in ooreenstemming met die tarief vermeld in sub-regulasie (1).

## **Diensvoorraarde en vergoeding van bepaalde ondersoekbeamptes**

7. (1) Die voorraarde beoog in artikel 9(3) van die Wet wat die aanstelling van ‘n ondersoekbeampte reël wat nie voltyds in diens van die Staat is, is soos volg:
- (a) die aangestelde beklee die amp as ondersoekbeampte vir die ure, dae en ander periode of periodes soos wat die verantwoordelike Lid mag bepaal;
  - (b) die ondersoekbeampte verrig sy of haar funksies onderhewig aan die beheer en voorskrifte van die Verbruikersbeskermer; en
  - (c) die ondersoekbeampte verrig sy of haar funksies getrou en sorgvuldig.
- (2) ‘n Ondersoekbeampte wat nie voltyds in diens van die Staat is nie, moet vergoed word –
- (a) soos beoog in artikel 9(3) van die Wet op die skaal soos uiteengesit in die Wet op die Hooggereghof, 1959 (Wet No. 59 van 1959);
  - (b) in ‘n bepaalde geval, teen ‘n laer, of, met die instemming van die verantwoordelike Lid, ‘n hoër koers soos deur die Verbruikersbeskermer vasgestel ná oorlegpleging met die persoon wat aangestel is of word.

## **Sertifikaat van aanstelling**

8. ‘n Ondersoekbeampte moet voorsien word van ‘n sertifikaat van aanstelling ingevolge artikel 9(4) van die Wet in die vorm van Vorm 2 in Aanhangsel A.

## **Lasbrief vir visentering**

9. ‘n Lasbrief vir visentering soos beoog in artikel 10(2) van die Wet moet in hoofsaak voldoen aan Vorm 3 in Aanhangsel A.

**Receipt to be issued on seizure**

10. Where an investigating Officer seizes anything which has or might have a bearing on an investigation as contemplated in section 10(1)(d) of the Act, the investigating Officer must issue a receipt in the form of Form 4 in Annexure A to the owner or person in charge of the premises or to the person in possession or in charge of the object seized.

**Oath or affirmation by member of court**

11. A member or alternate member of the court must, before assuming office, make and sign an oath or solemn affirmation before the Commissioner of Oaths in the presence of the responsible Member in the form contained in Part 2 of Annexure C.

**Costs**

12. (1) Where the court awards costs against a person found to have conducted the unfair business practice concerned and to have acted fraudulently or grossly unreasonably, as contemplated in section 17(1)(b) of the Act, such costs must –

- (a) be paid to the office by the person against whom they are awarded;
- (b) be on the scale of costs contained in Tariff 1 in Annexure B.

(2) The Consumer Protector must cause the amount of costs paid to the office as contemplated in subregulation (1)(a) to be paid into the Provincial Revenue Fund.

**Manner of service**

13. (1) A summons or notice issued in terms of the provisions of the Act must be served by the Sheriff of the Magistrates' Court in one of the following manners:

- (a) by delivery of a copy of the summons to the person to be served;
- (b) by leaving a copy thereof at the place of residence of the person to be served with a person who appears to be in charge of the premises at the time of delivery and who seems to be older than 16 years of age;
- (c) by delivering a copy thereof at the place of employment of the person to be served to a person who appears to be in authority over the said person and seems to be older than 16 years of age;

## **Ontvangsbewys uitgereik by beslaglegging**

- 10.** Waar 'n ondersoekbeampte beslag le op enigets wat op 'n ondersoek betrekking het soos beoog in artikel 10(1)(d) van Wet, moet die ondersoekbeampte 'n ontvangstbewys in die vorm van Vorm 4 in Aanhangsel A aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel uitreik of aan die persoon in besit van of in beheer van die voorwerp waarop beslag gele word.

## **Eed van bevestiging deur lid van hof**

- 11.** 'n Lid of alternatiewe lid van die hof moet, voor ampsaanvaarding, 'n eed of 'n plegtige bevestiging voor die verantwoordelike lid aflê en onderteken in die vorm soos vervat in Deel 2 van Aanhangsel C.

## **Koste**

- 12.** (1) Wanneer die hof koste toestaan teen die persoon wat volgens bevindings die gemelde onbillike sakepraktyk voer en wat bedrieglik of grof onredelik opgetree het, soos beoog in artikel 17(1)(b) van die Wet, word sodanige koste –
- (a) aan die kantoor deur die persoon teen wie die uitspraak gedoen is, toegeken;
  - (b) teen die skaal bereken wat in Tarief 1 in Aanhangsel B vervat is.
- (2) Die Verbruikersbeskermer moet die bedrag van die koste wat aan die kantoor betaal word soos in sub-regulasie (1)(a) beoog in die Provinsiale Inkomsfonds laat inbetaal.

## **Wyse van betekening**

- 13.** (1) 'n Dagvaarding of kennisgewing wat ingevolge die bepalings van die Wet uitgereik is, word deur die Balju van die Landdroshof op een van die volgende maniere beteken:
- (a) by wyse van aflêwering van 'n afskrif van die dagvaarding aan die persoon aan wie dit beteken word;
  - (b) deur 'n afskrif daarvan by die woonplek van die persoon aan wie dit beteken word, te los by 'n persoon wat ten tye van die aflêwering in beheer van die perseel blyk te wees en ouer as 16 jaar blyk te wees;
  - (c) deur 'n afskrif daarvan by die werkplek van die persoon aan wie dit beteken word, te los by 'n persoon wat ten tye van die aflêwering in beheer oor die gemelde persoon blyk te wees en ouer as 16 jaar blyk te wees;

- (d) if the person to be served has chosen an address at which the summons may be served, by delivering or leaving a copy thereof at the address so chosen;
  - (e) in the case of a company or close corporation, by delivering a copy to a responsible employee thereof at its registered office or its principal place of business within the jurisdiction of the court or, if none of the employees are willing to accept service, by affixing a copy thereof to the main door of such office or place of business;
  - (f) by delivering a copy thereof to an agent who is duly authorised in writing to accept service on behalf of the person to be served;
  - (g) where a partnership, firm or voluntary association is to be served –
    - (i) by leaving a copy thereof at the place of business of the partnership, firm or voluntary association with a person who appears to be in charge of the premises at the time of delivery and who seems to be older than 16 years of age; or
    - (ii) if such a partnership, firm or voluntary association has no place of business at the time of service, by effecting service on a partner, the proprietor or the chairman or secretary of the committee or other managing body of the association, as the case may be, in a manner set forth in this regulation; or
  - (h) in a manner determined by the court in a particular case.
- (2) Where the person to be served is a minor or a person without legal capacity, the summons must be served in a manner mentioned in subregulation (1) on that person's guardian, tutor, curator or caregiver instead of being served on that person.
- (3) For the purposes of subregulation (1)(b), when a block of flats or other building (other than a hotel, boarding-house, hostel or similar residential building) is occupied by more than one person or family, the summons must be served as provided in the said subregulation at that part of the building which the person to be served occupies as his or her residence or place of business.
- (4) The Consumer Protector must cause summons to be served, unless the court orders otherwise in a particular case.

- (d) indien die persoon aan wie dit beteken word 'n adres gekies het waar die dagvaarding beteken moet word, 'n afskrif by die adres wat aldus gekies is, af te lewer of te los;
  - (e) in die geval van 'n maatskappy of beslote korporasie, deur 'n afskrif aan 'n verantwoordelike werknemer daarvan by sy geregistreerde kantoor of sy hoofbesigheidsplek binne die jurisdiksie van die hof af te lewer of, indien geeneen van die werknemers bereid is om die betekening in ontvangs te neem nie, deur 'n afskrif daarvan aan die hoofdeur van sodanige kantoor of besigheidsplek vas te heg;
  - (f) deur 'n afskrif af te lewer by 'n agent wat behoorlik op skrif gemagtig is om die betekening in ontvangs te neem namens die persoon wat beteken moet word;
  - (g) waar 'n vennootskap, firma of vrywillige vereniging beteken moet word –
    - (i) deur 'n afskrif daarvan by die besigheidsplek van die vennootskap, firma of vrywillige vereniging te los by 'n persoon wat ten tye van die aflêwing in beheer van die perseel blyk te wees en ouer as 16 jaar blyk te wees;
    - (ii) indien sodanige vennootskap, firma of vrywillige vereniging oor geen besigheidsplek beskik ten tye van die betekening nie, deur betekening te laat geskied aan 'n vennoot, die eienaar of voorsitter of sekretaris van die komitee of ander bestuursliggaam van die vereniging, wat ookaal die geval mag wees, op 'n wyse wat in hierdie regulasie uiteengesit is; of
  - (h) op 'n wyse soos deur die hof in 'n bepaalde saak beslis word.
- (2) Waar 'n persoon wat beteken word 'n minderjarige of 'n persoon sonder regsbevoegdheid is, moet die dagvaarding beteken word op 'n wyse gemeld in sub-regulasie (1) aan daardie persoon se voog, kurator of sorggewer in plaas van dit aan daardie persoon te beteken.
- (3) Vir die doeleindes van sub-regulasie (1)(b), wanneer 'n woonstelblok of ander gebou (behalwe 'n hotel, losieshuis, koshuis of soortgelyke woongebou) deur meer as een persoon of gesin beset word, word die dagvaarding beteken soos deur die gemelde regulasie bepaal by daardie gedeelte van die gebou wat die persoon wat beteken word beset as sy of haar woonplek of besigheidsplek.
- (4) Die Verbruikersbeskermer moet die dagvaarding laat beteken, tensy die hof anders in 'n bepaalde geval gelas.

- (5) Persons ordered to serve summons in terms of subregulation (4), must be remunerated on the scale of messengers of the Magistrate's Court Act, 1944 (Act No. 32 of 1944).

### **Oath or affirmation by person giving evidence or producing objects**

14. Before giving evidence or producing an object, a person summoned in terms of section 19 of the Act must make and sign an oath or solemn affirmation in the terms set out in Part 1 of Annexure C.

### **Proceedings against persons allegedly responsible for unfair business practice**

15. (1) Proceedings before the court against a person allegedly responsible for an unfair business practice must be conducted in accordance with this regulation, with a view to ascertaining whether an unfair business practice exists or may come into existence and whether that person is or was implicated in that practice or future practice.
- (2) The office must state the alleged unfair practice and the nature of the involvement of the person who is, allegedly, implicated.
- (3) The chairperson must ask the person who is, allegedly, implicated, whether he or she admits to any or all of the allegations, and an admission must be recorded.
- (4) Where that person does not admit all the allegations, the office has the opportunity to produce evidence in support of the allegations that are denied.
- (5) The person who is allegedly implicated, then has the opportunity of stating his or her case against the allegations and of producing evidence in support thereof.
- (6) The court may in its discretion allow further evidence to be produced or witnesses to be recalled by the office or the person allegedly implicated.
- (7) After the office and the person who is, allegedly, implicated, have produced their evidence and stated their cases, the court may recall a witness or call further witnesses to submit to questioning by the court and thereafter by the office and the person allegedly implicated.
- (8) After all the evidence has been produced, the office may address the court.
- (9) The person allegedly implicated may then address the court.

- (5) Persone wat beveel word om dagvaardings ingevolge subregulasie (4) te beteken, word volgens die skaal van bodes van die Wet op Landdroshewe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), vergoed.

**Eed van bevestiging deur 'n persoon wat getuienis lewer of voorwerpe produseer**

14. Voordat getuienis gelewer of 'n voorwerp voorgelê word, le 'n persoon wat ingevolge artikel 19 van die Wet gedagvaar is eed of plegtige bevestiging af kragtens die bepalings in Deel 1 van Bylae C uiteengesit.

**Stappe teen persone wat na bewering verantwoordelik is vir onbillike sakepraktyke**

15. (1) Verrigtinge in die hof teen 'n persoon wat na bewering verantwoordelik is vir 'n onbillike sakepraktyk word ooreenkomsdig hierdie regulasie gevoer, ten einde te bepaal of 'n onbillike sakepraktyk bestaan of ontstaan en of daardie persoon in die gemelde praktyk of toekomstige praktyk geïmpliseer is of word.
- (2) Die kantoor moet die beweerde onbillike praktyk vermeld en die aard van die betrokkenheid van die persoon wat, na bewering, geïmpliseer word.
- (3) Die voorsitter moet die persoon wat, na bewering, geïmpliseer word, vra of hy of sy enige van of al die bewerings erken, en 'n bekentenis moet geboekstaaf word.
- (4) Waar die persoon nie al die bewerings erken nie, kry die kantoor die geleentheid om getuienis voor te lê ter ondersteuning van die bewerings wat ontken word.
- (5) Die persoon wat, na bewering, geïmpliseer word, kry dan die geleentheid om sy of haar saak teen die bewerings te stel en getuienis voor te lê ter ondersteuning daarvan.
- (6) Die hof kan na goeddunke toelaat dat verdere getuienis voorgelê word of dat getuies deur die kantoor of die persoon wat na bewering geïmpliseer word, herroep word.
- (7) Nadat die kantoor en die persoon wat, na bewering, geïmpliseer word, hul getuienis voorgelê het en hul sake gestel het, kan die hof 'n getuie herroep of verdere getuies roep en deur die hof aan ondervraging onderwerp en daarna deur die kantoor en die persoon wat na bewering geïmpliseer word.
- (8) Nadat alle getuienis voorgelê is, kan die kantoor die hof toespreek.
- (9) Die persoon wat na bewering geïmpliseer word kan dan die hof toespreek.

- (10) The office may thereafter address the court to reply only to matters raised by the person allegedly implicated which the office has not yet dealt with.
- (11) The court may adjourn the proceedings where necessary to give the person allegedly implicated a reasonable time to prepare representations, or for other good cause.
- (12) Whenever the chairperson is satisfied on evidence or information presented to the court that other instituted or pending legal proceedings or investigations in terms of other laws exist or may come into existence, the court must take note thereof and consider appropriate ways in which to deal with such other proceedings and investigations.
- (13) The chairperson may, where he or she deems it expedient, determine that proceedings before the court may be conducted otherwise than in accordance with this regulation.
- (14) The court must ensure that the person allegedly implicated is sufficiently informed of the allegations regarding the unfair business practice in question to enable him or her to make representations.
- (15) Person accused of alleged unfair business practice may be subjected to cross-examination.

#### **Examination of witnesses**

16. (1) A witness called by the office may be cross-examined by the person against whom the proceedings were instituted and the other way around, and a witness called by the court may be cross-examined by the office and that person.
- (2) Without prejudice to the right of the office or a person allegedly implicated to be represented or assisted as contemplated in sections 18(4) and (6) of the Act, a witness appearing before the court may, in the discretion of the chairperson and in the manner as the chairperson may determine, be assisted by an advocate, attorney or another person.
- (3) The court may direct that no person will be allowed to disclose in any manner whatsoever the name or address of a person who testified or testifies or who has been summoned and so requests the court not to reveal his or her identity.
- (4) Where evidence is given in a language with which the court or the office or the person alleged to be responsible for the unfair business practice in question or their representatives are not sufficiently conversant, a competent interpreter must interpret the evidence.

- (10) Die kantoor kan hierna die hof toespreek om repliek te lewer slegs op aangeleenthede wat geopper is deur die persoon wat na bewering geïmpliseer word en wat die kantoor nog nie aangeraak het nie.
- (11) Die hof kan die verrigtinge waar nodig verdaag waar nodig om die persoon wat na bewering geïmpliseer word redelike tyd te gun om vertoë voor te berei, of vir enige ander goeie rede.
- (12) Elke keer wanneer die voorsitter op getuienis of inligting aan die hof voorgelê tevrede is dat ander hofverrigtinge wat ingestel of hangend is of ondersoek wat ingevolge ander wette wat bestaan of wat gemaak gaan word, moet die hof kennis daarvan neem en toepaslike maniere vind om sodanige verrigtinge en procedures te hanteer.
- (13) Die voorsitter kan bepaal dat die verrigtinge voor die hof anders gevoer mag word as op 'n wyse wat met hierdie regulasie ooreenstem.
- (14) Die hof moet verseker dat die persoon wat na bewering geïmpliseer word voldoende ingelig word oor die bewerings rakende die onbillike sakepraktyk wat ter sprake is ten einde hom of haar in staat te stel om vertoë te rig.
- (15) 'n Persoon wat van onbillike sakepraktyke beskuldig word kan aan kruisondervraging onderwerp word.

### **Ondervraging van getuies**

- 16.
- (1) 'n Getuie wat deur die kantoor opgeroep word kan kruisondervra word deur die persoon teen wie die verrigtinge ingestel is en andersom, en 'n getuie wat deur die hof opgeroep word kan deur die kantoor en daardie persoon kruisondervra word.
  - (2) Sonder die inkorting van die regte van van die kantoor of persoon wat na bewering geïmpliseer word om verteenwoordig of bygestaan te word soos beoog in artikels 18(4) en (6) van die Wet, kan 'n getuie wat voor die hof verskyn, na goeddunke van die voorsitter en op 'n wyse soos deur die voorsitter bepaal, deur 'n advokaat, prokureur of ander persoon bygestaan word.
  - (3) Die hof kan beslis dat geen persoon toegelaat word om op enige wyse ook al die naam of adres van 'n persoon wat getuig het of besig is om te getuig of wie gedagvaar is bekend te maak en aldus die hof versoek om nie sy of haar identiteit bekend te maak nie.
  - (4) Waar getuienis gelewer word in 'n taal waarin die hof of die kantoor of die persoon wat na bewering verantwoordelik is vir die onbillike sakepraktryk ter sprake of hul verteenwoordigers nie voldoende vertroud is nie, moet 'n bevoegde tolk die getuienis interpreteer.

- (5) If, in the opinion of the court, it is expedient to appoint a competent interpreter or if the office or the person allegedly implicated so desires, the court may satisfy itself as to the competence and integrity of a proposed interpreter before he or she is employed as such.
- (6) Interpreters should be remunerated in accordance with the tariff of allowances prescribed by the Minister Of Justice and published by notice in the Gazette in terms of section 15 of the Magistrates Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), as amended.

### **Urgent temporary orders**

17. (1) Where the office seeks an urgent temporary order contemplated in section 20(1) of the Act, it must, before the temporary order is issued but subject to subregulation (4), give notice thereof to each person against whom the order will be sought or who will be named in or affected by the order.
  - (2) A notice contemplated in subregulation (1) must –
    - (a) state that the office intends to place information before the court that circumstances relating to the particular matter concerned, which is the subject of an investigation by the Office, render that matter urgent in that irreparable prejudice would be caused to a consumer or a group or class of consumers if the matter were to be dealt with only by the court during proceedings in due course and that the office will accordingly request the court to issue a temporary order;
    - (b) give particulars of the investigation sufficient to identify the matter that is the subject of the investigation;
    - (c) state the terms of the temporary order sought by the office;
    - (d) state the date and time when and place where the office will request the court to issue the order;
    - (e) state that the person notified may appear at that date, time and place and that he or she may only object on the grounds that the matter is not urgent as contemplated in paragraph (a);
    - (f) comply with Form 6 in Annexure A.
  - (3) A notice contemplated in subregulation (1) must be served in a manner prescribed in regulation 13.

- (5) Indien, na die hof se mening, dit raadsaam is om 'n bevoegde tolk aan te stel of indien die kantoor of die persoon wat na bewering geïmpliseer word dit verkies, kan die hof homself vergewis van die bevoegdheid en integriteit van die voorgestelde tolk voordat hy of sy as sodanig aangestel word.
- (6) Tolke moet vergoed word in ooreenstemming met die tarief van toelaes voorgeskryf deur die Minister van Justisie en deur kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer ingevolge artikel 15 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), soos gewysig.

### **Dringende tydelike bevele**

17. (1) Waar die kantoor 'n dringende tydelike bevel soos beoog in artikel 20(1) van die Wet aanvra, moet dit, voordat die tydelike bevel uitgereik word maar onderhewig aan sub-regulasie (4), kennis daarvan gee aan elke persoon teen wie die bevel aangevra gaan word of wie deur die bevel genoem of geraak sal word.
- (2) 'n Kennisgewing soos in sub-regulasie (1) beoog moet-
- (a) vermeld dat die kantoor beoog om inligting voor die hof te bring dat omstandighede rakende die besondere betrokke geval, wat onderhewig is aan 'n ondersoek deur die Kantoor, die saak dringend maak deurdat onherstelbare skade aan 'n verbruiker of groep of klas van verbruikers veroorsaak sal word indien die saak slegs deur die hof te gelegener tyd in die loop van verrigtinge aangeraak sal word en dat die kantoor gevvolglik die hof sal versoek om 'n tydelike bevel uit te reik;
  - (b) besonderhede verskaf vir die ondersoek wat voldoende is om die saak wat die onderwerp van die ondersoek is, te identifiseer;
  - (c) bepalings van die tydelike bevel deur die kantoor aangevra, vermeld;
  - (d) melding maak van die datum en tyd wanneer en die plek waar die kantoor die hof sal versoek om die bevel uit te reik;
  - (e) vermeld dat die persoon wat in kennis gestel is op daardie datum, tyd en plek kan verskyn en dat hy of sy slegs beswaar kan aanteken op grond daarvan dat die saak nie so dringend is nie soos wat in paragraaf (a) beoog is;
  - (f) met **Vorm 6** in Aanhengsel A ooreenstem.
- (3) 'n Kennisgewing soos beoog in sub-regulasie (1) moet beteken word op 'n wyse soos in regulasie 13 voorgeskryf.

- (4) On request by the Office, the court may in a particular case dispense with the notice requirement under subregulation (1) to any or all persons concerned if the giving of such notice would defeat the object of the temporary order, or for other good cause shown.

**Procedure for confirming arrangements and for incidental requests and applications**

18. (1) The chairperson may determine the manner in which applications to the court by the office for confirmation of an arrangement as contemplated in section 21(1) of the Act, and a request or other application by the office or by a interested person incidental to pending proceedings may be brought.
- (2) Applications and requests contemplated in subregulation (1) may be disposed of in such manner and in accordance with such procedure as the chairperson may determine.

**Rate of interest on money repayable to affected consumers**

19. Where the court orders that interest must be paid on money to be repaid to affected consumers as contemplated in section 22(2)(a) of the Act –
- (a) the interest must be calculated at the prevailing rate prescribed from time to time under section 1(2) of the Prescribed Rate of Interest Act, 1975 (Act No 55 of 1975), unless the court on the grounds of special circumstances orders otherwise;
- (b) the court must specify in its order the date from which and the amount on which interest is payable.

**Remuneration of certain curators**

20. The remuneration contemplated in section 23(3) of the Act which is payable to a curator who is not in the full-time service of the State must be in accordance with Tariff 2 in Annexure B.

**Oath or affirmation by transcriber and interpreter**

21. (1) A person appointed or designated to take down or record the proceedings of the court by shorthand or by mechanical means or to transcribe the proceedings which have been so taken down and recorded, must before commencing with his or her duties make and sign an oath or solemn affirmation before the clerk of the court in the form of Part 4 of Annexure C.
- (2) A person appointed or designated to perform the functions of an interpreter before the court must before commencing with his or her duties make and sign an oath or solemn affirmation before the clerk of the court in the form of Part 5 of Annexure C.

- (4) Op versoek deur die Kantoor, kan die hof in 'n bepaalde saak afsien van die kennisgewingvereiste ingevolge sub-regulasie (1) aan enige of alle betrokke persone indien sodanige kennisgewing die oogmerk van die tydelike bevel verydel, of vir ander goeie gronde aangevoer.

**Procedure vir die bevestiging van reëlings en vir bybehorende versoeke en aansoeke**

18. (1) Die voorsitter kan bepaal op watter wyse aansoeke aan die hof deur die kantoor vir bevestiging van 'n reëling soos beoog in artikel 21(1) van die Wet, en 'n versoek of ander aansoek deur die kantoor of deur 'n belanghebbende party ontstaande uit die hangende verrigtinge voor die hof gebring kan word.
